



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

7522

7522

Friday, 6 November 2015

Vrydag, 6 November 2015

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
371 City of Cape Town (Table Bay District): Rectification	2182
372 City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restrictions	2182
373 City of Cape Town: By-Election	2183
374 Oudtshoorn Municipality: By-Election	2184
375 City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restriction	2185
376 City of Cape Town (Tygerberg District): Removal of Restrictions	2182
377 Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions	2186
379 Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	2186
380 Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	2186

Tenders:

Notices.....	2186
--------------	------

Local Authorities

Bergrivier Municipality: Consent and Departure	2216
Bergrivier Municipality: Departure	2221
Boedelkennisgewing: Carika Theron (Afrikaans Only)	2214
Boedelkennisgewing: Hendrik Stroebel (Afrikaans Only)	2214
Boedelkennisgewing: Susanna Hildegonde (Afrikaans Only).....	2215
Brede Valley Municipality: Consent Use	2221
Brede Valley Municipality: Notice	2195
Cape Agulhas Municipality: Consent	2202
Cape Agulhas Municipality: Rezoning.....	2209
Cape Agulhas Municipality: Subdivision.....	2215
City of Cape Town (Blauwberg District): Rezoning	2208
City of Cape Town (Cape Flats District): Rezoning, Closure and Subdivision	2190
City of Cape Town (Helderberg District): Subdivision and Amendment	2207
City of Cape Town (Khayelitsha/Mitchell's Plain District): Closure.....	2186
City of Cape Town (Khayelitsha/Mitchell's Plain District): Rezoning and Departures	2205
City of Cape Town (Khayelitsha/Mitchell's Plain District): Rezoning, Subdivision, Consolidation and Closure.....	2206

INHOUD

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
371 Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Regstelling	2182
372 Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Opheffing van Beperkings	2182
373 Stad Kaapstad: Tussenverkiesing.....	2183
374 Oudtshoorn Munisipaliteit: Tussenverkiesing	2184
375 Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Opheffing van Beperkings	2185
376 Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Opheffing van Beperkings	2182
377 Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	2186
379 Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings.....	2186
380 Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings.....	2186

Tenders:

Kennisgewings	2186
---------------------	------

Plaaslike Owerhede

Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik en Afwyking	2216
Bergrivier Munisipaliteit: Afwyking	2221
Boedelkennisgewing: Carika Theron	2214
Boedelkennisgewing: Hendrik Stroebel	2214
Boedelkennisgewing: Susanna Hildegonde	2215
Bredevallei Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	2221
Bredevallei Munisipaliteit: Kennisgewing.....	2195
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Vergunning.....	2202
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Hersonerings	2209
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Onderverdeling	2215
Stad Kaapstad (Blauwberg-Distrik): Hersonerings	2208
Stad Kaapstad (Kaapse Vlakte-Distrik): Hersonerings, Sluiting en Onderverdeling	2190
Stad Kaapstad (Helderberg-Distrik): Onderverdeling en Wysiging.....	2207
Stad Kaapstad (Khayelitsha/Mitchell's Plain-Distrik): Sluiting.....	2186
Stad Kaapstad (Khayelitsha/Mitchell's Plain-Distrik): Hersonerings en Afwykings	2205
Stad Kaapstad (Khayelitsha/Mitchell's Plain-Distrik): Hersonerings, Onderverdeling, Konsolidering en Sluiting.....	2206

(Continued on page 2232)

(Vervolg op bladsy 2232)

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Ezi zaziso zilandelayo zipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

ADV. B. GERBER,
UMLAWULI-JIKELELE

iSakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

P.N. 371/2015

6 November 2015

RECTIFICATION**CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

I, Andre John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 17893, Cape Town, remove conditions II.C.4., III.B. (B) 4., I.C. (B) (3), IV.C.3., V.B.3., VII.B.3., VIII.C.3. and IX.B. contained in Deed of Transfer No.T 14175 of 2013.

Provincial Notice 327 of 25 September 2015 is hereby cancelled.

P.N. 372/2015

6 November 2015

CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Andre John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 137, Green Point, amends conditions B.1. and B.3. contained in Deed of Transfer No.T 13586 of 1997 to read as follows:

Condition B.1. "That for the purposes of a general line of building frontage a space of not less than 4.72 metres in width shall be left on the northern boundary of the land hereby transferred fronting or abutting on the High Level Road."

Condition B.3. "That no building other than a dwelling house or two dwellings, and its appurtenances shall be built upon the said land and that such buildings shall not be more than 55.26 metres above mean sea level and the dwelling house or dwelling houses shall face towards the High Level Road and Joubert Road respectively."

P.N. 376/2015

6 November 2015

CITY OF CAPE TOWN: TYGERBERG DISTRICT**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 10540, Bellville, removes condition E. "1. (d) as contained in Deed of Transfer No. T 61957 of 2012, and amends condition B. iii). 3 to read as follows:

"That not more than one dwelling be erected on the said lot, except for a habitable room (excluding kitchen/kitchenette) and that not more than one-half of the area of the said lot may be built upon".

P.K. 371/2015

6 November 2015

REGSTELLING**STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI-DISTRIK)****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Andre John Lombaard in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 17893, Kaapstad, hef voorwaardes II.C.4., III.B. (B) 4., I.C. (B) (3), IV.C.3., V.B.3., VII.B.3., VIII.C.3. en IX.B. soos vervat in Transportakte Nr. T14175 van 2013, op.

Provinsiale Kennisgewing 327 van 25 September 2015 word hiermee gekanselleer.

P.K. 372/2015

6 November 2015

STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI-DISTRIK)**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Andre John Lombaard in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Erf 137, Groenpunt, wysig voorwaardes B.1., en B.3. soos vervat in Transportakte Nr. 13586 van 1997, om soos volg te lees:

Voorwaarde B.1. "That for the purposes of a general line of building frontage a space of not less than 4.72 metres in width shall be left on the northern boundary of the land hereby transferred fronting or abutting on the High Level Road."

Voorwaarde B.3. "That no building other than a dwelling house or two dwellings, and its appurtenances shall be built upon the said land and that such buildings shall not be more than 55.26 metres above mean sea level and the dwelling house or dwelling houses shall face towards the High Level Road and Joubert Road respectively."

P.K. 376/2015

6 November 2015

STAD KAAPSTAD: TYGERBERG DISTRIK**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994 kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 10540, Bellville, hef voorwaarde E. "1. (d) soos vervat in Transportakte Nr. T 61957 van 2012, en wysig voorwaarde B. iii) 3. om as volg te lees:

"That not more than one dwelling be erected on the said lot, except for a habitable room (excluding kitchen/kitchenette) and that not more than one-half of the area of the said lot may be built upon".

P.N. 373/2015

6 November 2015

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**CITY OF CAPE TOWN****BY-ELECTION IN WARD 101: 9 DECEMBER 2015**

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 101 of the City of Cape Town on Wednesday, 9 December 2015, to fill the vacancy in this ward.

Furthermore, notice is hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000) that the timetable for the by-election will soon be published in the Provincial Gazette of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Ms Catherine Overmeyer at tel (021) 400 5522.

Signed on this 2nd day of November 2015.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

P.K. 373/2015

6 November 2015

PROVINSIE WES-KAAP**STAD KAAPSTAD****TUSSENVERKIESING IN WYK 101: 9 DESEMBER 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussen-verkiesing in Wyk 101 van die Stad Kaapstad gehou sal word op Woensdag, 9 Desember 2015, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingwet, 2000 (Wet 27 van 2000) dat die tydtafel vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Me Catherine Overmeyer by tel (021) 400 5522.

Geteken op hierdie 2de dag van November 2015.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

I.S. 373/2015

6 kweyeNkanga 2015

IPHONDO LENTSHONA KOLONI**ISIXEKO SASAKAPA****UNYULO LOVALO-SIKHEWU KUWADI 101: 9 KUDISEMBA KA-2015**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 101 kummandla isiXeko sasaKapa ngoLwesithathu umhla we-9 kuDisemba ka-2015, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphi na imibuzo ekhoyo ingabhekiswa kuMs Catherine Overmeyer, kwnombolo yefowuni ethi (021) 400 5522.

Lusayinwe ngalo mhla we- 2 uNovemba ka- 2015.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

P.N. 374/2015

6 November 2015

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**OUTDSHOORN MUNICIPALITY (WCO45)****BY-ELECTION IN WARD 13: 9 DECEMBER 2015**

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 13 of the Oudtshoorn Municipality on Wednesday, 9 December 2015, to fill the vacancy in this ward.

Furthermore, notice is hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000) that the timetable for the by-election will soon be published in the Provincial Gazette of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Mr Derrick Marco at tel (021) 910 5700.

Signed on this 2nd day of November 2015.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

P.K. 374/2015

6 November 2015

PROVINSIE WES-KAAP**MUNISIPALITEIT OUTDSHOORN (WCO45)****TUSSENVERKIESING IN WYK 13: 9 DESEMBER 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 13 van die Munisipaliteit Oudtshoorn gehou sal word op Woensdag, 9 Desember 2015, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingwet, 2000 (Wet 27 van 2000) dat die tydtafel vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Mnr Derrick Marco by tel (021) 910 5700.

Geteken op hierdie 2de dag van November 2015.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

I.S. 374/2015

6 kweyeNkanga 2015

IPHONDO LENTSHONA KOLONI**U MASIPALA WASEOUTDSHOORN (WCO45)****UNYULO LOVALO-SIKHEWU KUWADI 13: 9 KUDISEMBA KA-2015**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 13 kummandla uMasipala waseOudtshoorn ngoLwesithathu umhla we-9 kuDisemba ka-2015, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphi na imibuzo ekhoyo ingabhekiswa kuMr Derrick Marco, kwnombolo yefowuni ethi (021) 910 5700.

Lusayinwe ngalo mhla we- 2 uNovemba ka- 2015.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

P.N. 375/2015

6 November 2015

CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Andre John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 909, Camps Bay, remove conditions A.1. (b), A.1. (d), A.II. (h) and B(2) and amend conditions A.1. (e) and A.1. (f) contained in Deed of Transfer No. T. 67817 of 2011 to read as follows:

Condition A.1. (e) “That no building or structure or any portion thereof, except **retaining walls**, boundary walls or fences, shall be erected nearer than 15 feet to the street line which forms the boundary of this erf, save that a garage intended as an adjunct to a building and not exceeding 10 feet in height, measured from the floor to the top of the parapet or half the height of the roof whichever is the higher, may be erected in such a position that the distance between the garage and the street line which forms the boundary of this erf shall not be less than the value of x as expressed by the following equation, when x is a distance less than that otherwise prescribed as the building line for this erf:

$$x = \frac{1}{s} [\sqrt{(h^2 + 400s) - (h+20s)}]$$

Where s is the factor of rise in accordance with the mean gradient of the land to be actually excavated for the erection of the garage such gradient to be measured at right angles to and from a point on the street boundary vertically opposite to the centre of that side of the garage which is most nearly parallel to the street boundary of the erf,

And h is the difference between the mean level of the floor of the garage and the mean ground floor level at a point on the street boundary vertically opposite the centre of that side of the garage which is most nearly parallel to the street boundary of the erf, such difference to be positive or negative as the floor level of the garage is respectively below or above the mean ground floor at the point specified.

Notwithstanding the foregoing, however, a garage shall not be erected nearer than 4ft. 6 ins. to the street line which forms a boundary of this erf and where no portion of a garage projects above the level of the ground immediately adjoining any side of such garage other than the side which is most nearly parallel to the street boundary of the erf, the corner of the bank at the intersection of the street boundary and the prolongation of those sides of the garage which are most nearly at right angles to such street boundary shall be splayed in such manner that the land cut off from the corner shall be in the form of an isosceles triangle the equal sides of which shall be not less than 4ft. 6 ins.”

Condition A.1. (f) “That no building or structure or any portion thereof, except **retaining walls**, boundary walls, fences and an outbuilding not exceeding 10 feet in height, measured from the floor to the top of the parapet or half the height of the roof, whichever is the higher, and no portion of which is used for human habitation, shall be erected nearer than 5 feet to the lateral boundary common to this and any adjoining erf.”

Condition A.II. (h) “That this erf not be subdivided except with the consent in writing of the Administrator.” must be re-imposed in the Deeds of Transfer of the newly created erven (after the subdivision of Erf 909, Camps Bay).

P.K. 375/2015

6 November 2015

STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI-DISTRIK)**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Andre John Lombaard in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 909, Kampsbaai, hef voorwaardes A.1. (b), A.1. (d), A.II. (h) en B(2) op en wysig voorwaardes A.1. (e) en A.1. (f) soos vervat in Transportakte Nr T. 67817 van 2011 om soos volg te lees:

Voorwaarde A.1. (e) “That no building or structure or any portion thereof, except **retaining walls**, boundary walls or fences, shall be erected nearer than 15 feet to the street line which forms the boundary of this erf, save that a garage intended as an adjunct to a building and not exceeding 10 feet in height, measured from the floor to the top of the parapet or half the height of the roof whichever is the higher, may be erected in such a position that the distance between the garage and the street line which forms the boundary of this erf shall not be less than the value of x as expressed by the following equation, when x is a distance less than that otherwise prescribed as the building line for this erf:

$$x = \frac{1}{s} [\sqrt{(h^2 + 400s) - (h+20s)}]$$

Where s is the factor of rise in accordance with the mean gradient of the land to be actually excavated for the erection of the garage such gradient to be measured at right angles to and from a point on the street boundary vertically opposite to the centre of that side of the garage which is most nearly parallel to the street boundary of the erf,

And h is the difference between the mean level of the floor of the garage and the mean ground floor level at a point on the street boundary vertically opposite the centre of that side of the garage which is most nearly parallel to the street boundary of the erf, such difference to be positive or negative as the floor level of the garage is respectively below or above the mean ground floor at the point specified.

Notwithstanding the foregoing, however, a garage shall not be erected nearer than 4ft. 6 ins. to the street line which forms a boundary of this erf and where no portion of a garage projects above the level of the ground immediately adjoining any side of such garage other than the side which is most nearly parallel to the street boundary of the erf, the corner of the bank at the intersection of the street boundary and the prolongation of those sides of the garage which are most nearly at right angles to such street boundary shall be splayed in such manner that the land cut off from the corner shall be in the form of an isosceles triangle the equal sides of which shall be not less than 4ft. 6 ins.”

Voorwaarde A.1. (f) “That no building or structure or any portion thereof, except **retaining walls**, boundary walls, fences and an outbuilding not exceeding 10 feet in height, measured from the floor to the top of the parapet or half the height of the roof, whichever is the higher, and no portion of which is used for human habitation, shall be erected nearer than 5 feet to the lateral boundary common to this and any adjoining erf.”

Voorwaarde A.II. (h) “That this erf not be subdivided except with the consent in writing of the Administrator.” moet her-geregistreer word in die Transportaktes van die nuut-geskepde erwe (na die onderverdeling van Erf 909, Kampsbaai).

P.N. 377/2015

6 November 2015

STELLENBOSCH MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erven 2355, 2357 and 2359, Stellenbosch removes conditions 4.(A)2., 4.(A)3., 4.(A)4. and 4.(C)10. contained in Deed of Transfer No. T. 29259 of 1987 (Erf 2355), conditions E.I.2., E.I.3., E.I.4., E.I.5. and E.III.12. contained in Deed of Transfer No. T. 86135 of 2003 (Erf 2357) and conditions E.2., E.3., E.4., (D)4. and G. contained in Deed of Transfer No. T. 70413 of 2013 (Erf 2359).

P.N. 379/2015

6 November 2015

OVERSTRAND MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

I, Jeremy Benjamin, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 1405, Vermont, removes condition II.E. (a) contained in Deed of Transfer No. T 55226 of 1988.

P.N. 380/2015

6 November 2015

OVERSTRAND MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 927, Vermont, removes the following wording "By Notarial Deed dated 11.4.1930 a restriction has been imposed upon the remainder of the land held hereunder that no liquors shall be sold thereon without the consent of the present or future proprietors of the property held under transfer 53 dated 5th January, 1918, as will more fully appear on reference to the copy annexed hereto." on page 3 and conditions (a), (c) and (d) as contained in Deed of Transfer No. T. 1194 of 1963 (VA 1689/2005).

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**CITY OF CAPE TOWN (KHAYELITSHA/MITCHELL'S PLAIN
DISTRICT)****CLOSURE****• Public Place Erf 673 Philippi**

(Surveyor General reference Number PHIL 747/1/1 v1 p. 70)

Notice is hereby given in terms of section 6(1) of the By-law relating to the Management and Administration of the Municipality's Immoveable Property that the City of Cape Town has closed Erf 673 Philippi shown as public place on General Plan General Plan No L17/1991

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

6 November 2015

47551

P.K. 377/2015

6 November 2015

STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie No 160 van 31 Oktober 1994 kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erve 2355, 2357 en 2359, Stellenbosch, voorwaardes 4.(A)2., 4.(A)3., 4.(A)4. en 4.(C)10. vervat in Transportakte Nr. T. 29259 van 1987 (Erf 2355), voorwaardes E.I.2., E.I.3., E.I.4., E.I.5. en E.III.12. vervat in Transportakte Nr. T. 86135 van 2003 (Erf 2357) en voorwaardes E.2., E.3., E.4., (D)4. en G. vervat in Transportakte Nr. T. 70413 van 2013 (Erf 2359) ophef.

P.K. 379/2015

6 November 2015

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Jeremy Benjamin, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbe-stuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 1405, Vermont, hef voorwaarde II.E. (a) soos vervat in Transportakte Nr. T 55226 van 1988, op.

P.K. 380/2015

6 November 2015

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 927, Vermont, hef die volgende bewoording "By Notarial Deed dated 11.4.1930 a restriction has been imposed upon the remainder of the land held hereunder that no liquors shall be sold thereon without the consent of the present or future proprietors of the property held under transfer 53 dated 5th January, 1918, as will more fully appear on reference to the copy annexed hereto." op bladsy 3 en voorwaardes (a), (c) en (d) soos vervat in Transportakte Nr. T. 1194 van 1963 (VA 1689/2005) op.

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**STAD KAAPSTAD (KHAYELITSHA-/MITCHELL'S PLAIN-
DISTRIK)****SLUITING****• Openbare Plek Erf 673 Philippi**

(Landmeter-generaal nommer PHIL 747/1/1 v1 p. 70)

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 6(1) van die Verordening met betrekking tot die Bestuur en Administrasie van die Munisipaliteit se Onroerende Eiendom dat die Stad Kaapstad Erf 673 Philippi, aangetoon as 'n openbare plek op die algemene plan, nr L17/1991, gesluit het.

ACHMAT EBRAHIM, STADSBESTUURDER

6 November 2015

47551

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 53/2015/2016

**PROPOSED CONSENT USE ON PORTION
12 OF FARM LAMMERSHOEK NO. 841,
DIVISION MALMESBURY**

Applicant: Planscape, P.O. Box 557, Moorreesburg, 7310.
Tel: 022-4334408

Owner: Granaatfontein Trust 199/99, P.O. Box 164, Malmesbury, 7299.
Tel: 0714143766

Reference number: 15/3/10-15/Farm_841/12

Property Description: Portion 12 of farm Lammershoek no. 841, Division Malmesbury

Physical Address: ±10km south east of Malmesbury

Detailed description of proposal: An application has been received for a consent use for a sand mine of ±5 ha on portion 12 of farm Lammershoek no. 841, Division Malmesbury in terms of section 15(2)(o) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7425 of 10 July 2015).

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00–13:00 and 13:45–17:00 and Friday 08:00–13:00 and 13:45–15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **7 December 2015 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47502

SWARTLAND MUNICIPALITY

Notice 52/2015/2016

**OFFICIAL NOTICE FOR THE INSPECTION OF
GENERAL VALUATION ROLL AND LODGING OF
OBJECTIONS. DATE OF VALUATION: 1 JULY 2015**

Notice is hereby given, in terms of the provisions of Section 49 (1)(a)(i) of the Local Government: Municipal Property Rates Act (Act no. 6 of 2004), herein after referred to as the “Act”, that the General Valuation Roll 2015 lies open for public inspection at the various offices of the Municipality or the web page www.swartland.org.za as from 6 November 2015 to 18 December 2015. An invitation is also extended, in terms of the provisions of Section 49(1)(a)(ii) of the Act, that any owner of immovable property or any other person may submit an objection to the Municipal Manager regarding any matter or omission in connection with the Valuation Roll within the above mentioned period. Your attention is specifically drawn to the provisions of Section 50(2) of the Act that any objection must refer to a particular property and not to the Valuation Roll as a whole. The prescribed form for the lodging of objections is available at the various Municipal Offices or the web page www.swartland.org.za. Completed objection forms should reach the Municipal Manager before or on **Friday, 18 December 2015 by 15:00**. Enquiries may be directed to Hermaine van der Sluys or Elaine Openshaw (022 487 9400). Address: The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47505

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 53/2015/2016

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE
12 VAN DIE PLAAS LAMMERSHOEK NR 841,
AFDELING MALMESBURY**

Aansoeker: Planscape, Posbus 557, Moorreesburg, 7310.
Tel: 022-4334408

Eienaar: Granaatfontein Trust 199/99, Posbus 164, Malmesbury, 7299.
Tel: 0714143766

Verwysingsnommer: 15/3/10-15/Farm_841/12

Eiendomsbeskrywing: Gedeelte 12 van plaas Lammershoek nr 841, Afdeling Malmesbury

Fisiese Adres: ±10km suidoos van Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek: 'n Aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir mynbou (sandmyn van ±5 ha) op gedeelte 12 van plaas Lammershoek nr 841, Afdeling Malmesbury is ontvang, ingevolge artikel 15(2)(o) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015).

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00–13:00 en 13:45–17:00 en Vrydag 08:00–13:00 en 13:45–15:45 by Departement Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **7 Desember 2015 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47502

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Kennisgewing 52/2015/2016

**AMPTELIKE KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE VAN
ALGEMENE WAARDASIEROL EN AANTEKENING VAN
BESWARE. DATUM VAN WAARDASIE: 1 JULIE 2015**

Kennis word hiermee gegee kragtens die bepalings van artikel 49 (1)(a)(i), van die Plaaslike Regering: Munisipale Wet op Eiendomsbeplanning (Wet nr 6 van 2004), hierna verwys as die “Wet”, dat die Algemene Waardasierol 2015 ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie Munisipale kantore of die webblad www.swartland.org.za vanaf 6 November 2015 tot 18 Desember 2015. 'n Uitnodiging word ook gerig ingevolge die bepalings van Artikel 49(1)(a)(ii) van die Wet dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon 'n beswaar kan indien by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitel rakende die eiendomswaardasierol binne bogenoemde tydperk. Daar word spesifiek verwys na die bepalings van artikel 50(2) van die Wet dat 'n beswaar moet verwys na spesifieke eiendom en nie teen die waardasierol in geheel nie. Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is beskikbaar by die onderskeie Munisipale kantore of webblad www.swartland.org.za. Voltooië beswaarvorme moet die Munisipale Bestuurder bereik voor of op **Vrydag, 18 Desember 2015 teen 15:00**. Enige navrae kan gerig word aan Hermaine van der Sluys of Elaine Openshaw (022 487 9400). Adres: Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47505

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 54/2015/2016

**PROPOSED CONSENT USE ON ERF 2834,
DARLING**

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel: 022-4821845

Owner: A Jacobs, 325 Okkerneutboom Avenue, Darling, 7345.
Tel: 0720961550

Reference number: 15/3/10-3/Erf_2834

Property Description: Erf 2834, Darling

Physical Address: 325 Okkerneutboom Avenue, Darling

Detailed description of proposal: An application has been received for a consent use for a tavern (outside usage) ($\pm 60\text{m}^2$) on Erf 2834, Darling in terms of section 15(2)(o) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7425 of 10 July 2015).

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00–13:00 and 13:45–17:00 and Friday 08:00–13:00 and 13:45–15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440 /e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **7 December 2015 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47503

LANGEBERG MUNICIPALITY

MN NO. 72/2015

**CLOSURE OF PORTION OF SWANEPOEL STREET
ADJOINING ERVEN 76, 3515 AND 3516, MONTAGU**

Notice is hereby given in terms of Section 137(1) of the Municipal Ordinance 20 of 1974 that the portion of Swanepoel Street adjoining erven 76, 3515 and 3516, Montagu, has been closed. (S/8069/55 v.1 p.81) – Langeberg Munisipaliteit, Municipal Manager, Private Bag X2, Ashton, 6715.

SA MOKWENI, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X2, ASHTON, 6715

6 November 2015

47534

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 54/2015/2016

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 2834,
DARLING**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel: 022-4821845

Eienaar: A Jacobs, Okkerneutboomlaan 325, Darling, 7345.
Tel: 0720961550

Verwysingsnommer: 15/3/10-3/Erf_2834

Eiendomsbeskrywing: Erf 2834, Darling

Fisiese Adres: Okkerneutstraat 325, Darling

Volledige beskrywing van aansoek: 'n Aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n huistaverne (buiteverbruik) ($\pm 60\text{m}^2$) op Erf 2834, Darling is ontvang, ingevolge artikel 15(2)(o) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015).

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00–13:00 en 13:45–17:00 en Vrydag 08:00–13:00 en 13:45–15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **7 Desember 2015 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47503

LANGEBERG MUNISIPALITEIT

MK NR. 72/2015

**SLUITING VAN GEDEELTE VAN SWANEPOELSTRAAT
LANGS ERWE 76, 3515 EN 3516, MONTAGU**

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 137(1) van die Munisipale Ordonnansie 20 van 1974 dat die gedeelte Swanepoelstraat langs Erwe 76, 3515 en 3516, Montagu, nou gesluit is. (S/8069/55 v.1 p.81) – Langeberg Munisipaliteit, Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Ashton, 6715.

SA MOKWENI, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X2, ASHTON, 6715

6 November 2015

47534

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 55/2015/2016

**PROPOSED SUBDIVISION ON ERF 278,
MALMESBURY**

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel: 022-4821845

Owner: SS Beleggingstrust, 87 Wildebosch Street, Paradyskloof, Paarl,
7646. Tel: 021-8077153

Reference number: 15/3/6-8/Erf_278

Property Description: Erf 278, Malmesbury

Physical Address: 17 Plein Street, Malmesbury

Detailed description of proposal: An application has been received for the subdivision of Erf 278 (1265m² in extent), Malmesbury into a remainder (±765m²) and portion A (±500m²) in terms of section 15(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7425 of 10 July 2015).

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00–13:00 and 13:45–17:00 and Friday 08:00–13:00 and 13:45–15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440 /e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **7 December 2015 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47504

LANGEBOEG MUNICIPALITY

MN NO. 78/2015

**PROPOSED SUBDIVISION OF ERF 912,
55 LONG STREET, MONTAGU**

Notice is hereby given in terms of Section 15 of the Langeboeg Municipal Land Use Planning Bylaw PN 264/2015 of 30 July 2015, that Council has received an application from DJ Thornton for the subdivision of erf 912, Montagu, into two portions (Remainder – 4007m² and Portion A – 921m²).

The application will be open for inspection at the Montagu Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on **11 December 2015**. Further details are obtainable from Mr Jack van Zyl (023-614 8000) during office hours. Any person who cannot write may come to the office mentioned above, during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe his/her comments or representations.

SA MOKWENI, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X2, ASHTON, 6715

6 November 2015

47536

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 55/2015/2016

**VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 278,
MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7300.
Tel: 022-4821845

Eienaar: SS Beleggingstrust, Wildeboschstraat 87, Paradyskloof, Paarl,
7646. Tel: 021-8077153

Verwysingsnommer: 15/3/6-8/Erf_278

Eiendomsbeskrywing: Erf 278, Malmesbury

Fisiese Adres: Pleinstraat 17, Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek: 'n Aansoek vir die onderverdeling van Erf 278 (groot 1265m²), Malmesbury in 'n restant (±765m²) en gedeelte A (±500m²) is ontvang, ingevolge artikel 15(2)(d) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015).

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00–13:00 en 13:45–17:00 en Vrydag 08:00–13:00 en 13:45–15:45 by Departement Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **7 Desember 2015 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47504

LANGEBOEG MUNISIPALITEIT

MK NR. 78/2015

**VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 912,
LANGSTRAAT 55, MONTAGU**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 15 van die Langeboeg Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning, PK 264/2015 van 30 Julie 2015, dat die Raad 'n aansoek ontvang het DJ Thornton vir 'n onderverdeling van erf 912, Montagu in twee gedeeltes (Restant – 4007m² en Gedeelte A – 921m²).

Die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure in die Montagu Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as **11 Desember 2015** skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr Jack van Zyl by telefoonnommer 023-614 8000. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om sy/haar kommentaar of verhoë af te skryf.

SA MOKWENI, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X2, ASHTON, 6715

6 November 2015

47536

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 51/2015/2016

**NOTICE FOR THE INSPECTION OF THE 1ST
SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2015/2016 OF
PROPERTIES SITUATED IN THE SWARTLAND MUNICIPAL
AREA AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given, in terms of the provisions of Section 49 (1)(a)(i) read together with Section 78 (2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act (Act no. 6 of 2004), herein after referred to as the "Act", that the 1st Supplementary Valuation Roll 2015/2016 lies open for Public Inspection at the various offices of the Municipality or the web page www.swartland.org.za as from 6 November 2015 to 15 December 2015. An invitation is also extended, in terms of the provisions of Section 49 (1)(a)(ii), read together with Section 78 (2) of the Act, that any owner of immovable property or any other person may submit an objection to the Municipal Manager regarding any matter or omission in connection with the Valuation Roll within the above mentioned period. Your attention is specifically drawn to the provisions of Section 50 (2) of the Act that any objection must refer to a particular property and not to the Valuation Roll in whole. The prescribed form for the lodging of objections is available on the reverse side of the notice which is posted to the owners of the properties involved where supplementary valuations have been completed. Enquiries may be directed to Hermaine van der Sluys or Elaine Openshaw (022 487 9400). Address: The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

6 November 2015

47506

CITY OF CAPE TOWN (CAPE FLATS DISTRICT)

**REZONING, CLOSURE OF PUBLIC OPEN SPACE AND
SUBDIVISION**

• **Erf 404, Gugulethu**

